Sosiaal



Honderde mense het gister hul deel vir kanker gedoen deur aan die Shavathon, wat by die CompSol-kantore in Newtonpark gehou is, deel te neem. Talle mense het hul koppe byna kaal geskeer terwyl ander hul hare met helder kleure laat sproei het. Die geld wat ingesamel is, sal aan die Kankervereniging van Suid-Afrika geskenk word. Theresa d'Assonville, Nokuthula Mhlawuli en Jaco van Wyk, werknemers van CompSol, het met hul nuwe kapsels gespog. Foto: DEON FERREIRA